www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/01**

**Reading and Writing**

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1**

Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate het punte verbeur deur sinsdele direk uit die teks neer te skryf terwyl dit nie 'n logiese antwoord op 'n vraag was nie. Vir vraag 7 het verskeie kandidate byvoorbeeld net "gunstelingvrou" geskryf, terwyl 'n verduideliking nodig was.

**Oefening 2**

Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul, maar sommige het nie fyn genoeg gelees nie en die verkeerde posadres en e-posadres ingevul.

**Oefening 3**

Kandidate het redelik goed gevaar in hierdie oefening. Kandidate moet onthou dat hulle notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te gebruik nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan.

**Oefening 4**

Alhoewel heelwat kandidate die opsomming goed gehanteer het, het verskeie nie slegs op die uil as jagter gefokus nie. Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde, en in hul eie woorde.

**Oefening 5**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate die opdrag verstaan het en oor die onderwerp kon skryf. Daar was verskeie baie goeie skryfstukke. Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die korrekte vorm vir 'n dialoog gee.

**Algemene foute:**

Daar was beslis 'n agteruitgang in kandidate se gebruik van sinne, hoofletters en punktuasie, moontlik as gevolg van SMS-taal. Dit verdien dringende aandag.

Ander algemene foute:

- die spelling van "hallo" en "asseblief"
- die verskil tussen "nag" en "aand"
- die verskil tussen "sal" en "wil"
- iets eindig/begin *om* …
- iemand aflaai/oplaai
- *What time* = Hoe laat
- *Waarheen* gaan jy?
- Jy gaan *saam* met iemand …

www.PapaCambridge.com

**Oefening 6**

**Vraag 1:** Party kandidate het gesukkel om te verduidelik dat die rotskuns inligting gee oor hoe die m aan die natuur gelewe het.

**Vraag 2:** Te veel kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal sonder enige teken dat hulle di verstaan het.

**Vraag 3:** Die meeste kandidate het die eerste deel van die vraag reg beantwoord, maar baie het met die verduideliking gesukkel.

**Vraag 4:** Te veel kandidate het hul antwoord direk uit die teks gehaal sonder enige teken dat hulle dit werklik verstaan het. Min kandidate het na "heilig" en "nuttig" verwys.

**Vraag 5:** Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

**Vraag 6:** Min kandidate het verstaan dat hulle 'n bewys moes gee.

**Vraag 7:** Te veel kandidate het probeer om die vraag te beantwoord deur direk uit die teks neer te skryf, terwyl hulle 'n verduideliking moes gee.

**Algemene kommentaar:**

- Kandidate moet die vrae in hul eie woorde probeer beantwoord.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.

**Oefening 7**

Dit was beslis 'n opdrag wat 'n goeie aanduiding van kandidate se taalvermoë gegee het. Swakker kandidate het dikwels nie verstaan dat hulle die inligting in die raam as prikkel moes gebruik nie en het een van die uitsprake as onderwerp gekies en slegs daaroor geskryf. In ander gevalle het kandidate betrokkenheid by sport en kulturele bedrywighede vergelyk en besluit dat die een beter as die ander is. Sterker kandidate het dikwels baie goeie werk gelewer.

Daar was drie algemene probleme ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Min kandidate het die formaat en styl van 'n koerantberig gevolg.
- Te min kandidate het in paragrawe geskryf.
- Baie min kandidate se berigte het 'n opskrif gehad.

Die koerantberigte toon weereens dat benewens algemene foute ten opsigte van leestekens, spelling, hoofletters, woordorde en die ontkennende vorm, talle kandidate nie mooi weet hoe om ordentlike paragrawe te skryf nie. Dit bly dus iets wat aandag moet kry.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG[E]

**Paper 0548/02**

**Listening**

## Algemene kommentaar

Aangesien die vraestel daarop gemik is om kandidate se luisterbegrip te toets, gee hul antwoorde 'n goeie aanduiding van hul vermoë om gesproke Afrikaans te verstaan. As hulle verstaan wat gesê word, het kandidate baie goed gevaar in die vraestel en daar is 'n aantal wat volpunte behaal het.

Die kandidate wat nie bevredigende punte behaal het nie, kon nie die gesprekke en praatjies wat opgeneem is, verstaan nie, waarskynlik omdat hulle te min blootstelling aan gesproke Afrikaans kry en dit vir hulle 'n vreemde taal is. Hulle is dus nie op tweedetaalvlak nie. Hulle woordeskat is onvoldoende om woorde wat hulle hoor, te herken. Sommige kandidate skryf die klanke neer wat hulle hoor, maar sonder dat die klanke vir hulle enige betekenis het.

Tweede- of vreemdetaalsprekers leer dikwels 'n taal deur hul oë in plaas van hul ore, anders as met hul huistaal. Dit is waarskynlik 'n rede waarom sulke taalleerders dikwels meer met gesproke as met geskrewe taal sukkel. Ten einde vir die luistereksamen voor te berei, moet kandidate gereeld luisteroefeninge doen.

Swakker kandidate het beter gevaar in Oefening 1 en Oefening 2, want hulle hoef slegs regmerkies te maak in die blokkie van hul keuse en hoef nie die antwoord in woorde neer te skryf nie. Daar is gevind dat kandidate soms hier baie goed vaar (volpunte of slegs een vraag verkeerd) en dan glad geen antwoorde neerskryf vir Oefening 3 en Oefening 4 nie.

Kandidate het nie punte verloor as hulle woorde verkeerd gespel of taalfoute begaan het nie. Daar moet egter bewyse wees dat die betekenis van die woord wat neergeskryf is, korrek verstaan is en die woord moet herkenbaar wees.

Sommige kandidate het hul antwoorde eers met potlood ingeskryf en daarna weer met pen, sonder om die potlood uit te vee. Dit kan verwarrend wees en is moeilik om na te sien.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1-6

Die teks van Oefening 1 was redelik eenvoudig, maar daar moes fyn geluister word om die vrae reg te beantwoord. 'n Goeie voorbeeld is vraag 1 waar die antwoord "Onwaar" is, omdat in die luisterteks van die *derde* eeu gepraat word, nie die *dertiende* nie. Party kandidate het met vraag 4 gesukkel omdat die woord "gedoop" wel in die teks voorkom, maar die stelling in die vraestel nietemin nie waar is nie.

### Oefening 2: Vrae 7-11

Kandidate moet daarop let dat daar regmerkies in die blokkies gemaak moet word, nie kruisies nie. Hulle moet beslis ook nie die blokkies inkleur nie. Kandidate moet probeer om ten minste elke vraag te beantwoord; as hulle geen blokkies merk nie, verloor hulle die kans die punte te kry.

Instruksies by vrae moet aandagtig gelees word. Kandidate moenie twee blokkies merk nie, want daar is slegs een korrekte antwoord vir elke vraag. Om verwarring te vermy, moet daar ook nie drie regmerkies in die "verkeerde" blokkies en 'n kruisie in die "regte" blokkie geplaas word nie.

www.PapaCambridge.com

**Oefening 3: Vrae 12-18**

Oor die algemeen is hierdie oefening taamlik goed beantwoord. Daar moet weer beklemtoon word vrae ook goed gelees moet word, soos vraag 15 waar ’n spesifieke gebou gevra word. Baie kandida daar "treine" geskryf wat dus nie die korrekte antwoord kan wees nie. Vraag 14 vra dat ’n plek gen word; dus kan skoolbanke nie korrek wees nie.

**Oefening 4: Vrae 20-26**

Dit is die vraag waar frases of kort sinne as antwoorde neergeskryf moet word. Swak kandidate het hier gesukkel. Min kandidate, ook dié wat goed verstaan, kon die woord "vlieënier" by vraag 1 korrek spel. Hulle is nie gepenaliseer hiervoor nie, maar ’n punt kon nie toegeken word as daar gesê word "hy wil eendag ’n vlieg word" nie. Dit is ook kommerwekkend dat party kandidate nie eenvoudige woorde soos hoender en hond kan onderskei of die woord skaap kan spel nie. ’n Groot aantal ken nie die verskil tussen "lig" en "lug" nie.

www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/05**

**Oral**

## General comments

The standard of assessment was very good this year. The awarding of marks continues to improve. To the credit of the Examiners who conducted the tests, it was not necessary to make any significant adjustments to any of the marks awarded this year. It was clear that Examiners were adhering to comments made in previous examination reports and individual Centre reports.

Most of the recordings were very clear and nearly all conversations were submitted for moderation. Examiners are reminded that they must ensure that the environment outside the venue where the recordings take place must be quiet and that other persons should prevented from entering the room. Please also ensure that cell phones are switched off.

Most of the documentation was completed in a neat and clear fashion, although some Centres forgot to submit the computerised mark sheet and the Oral Assessment Summary forms for their candidates, which made it very difficult to establish what marks candidates had been given. The blue labels for the cassettes were not always very clear and the handwriting in some cases was not legible. For obvious reasons, candidate names and numbers must be written in the same order on the cassette labels as the recordings appear on the cassette.

## Comments on the conversations

As always, it was a pleasure to listen to candidates' ideas on the topics provided and their general views on life. Examiners should ensure that the discussions keep to the format of a conversation so that candidates are not forced to deliver a monologue. Only in a two-way conversation can it be determined whether the candidate is able to react correctly to questions or respond appropriately to the direction in which the conversation is going.

In a small number of cases, Examiners did not adhere to the prescribed time (at least 10 minutes), and the conversations were too short. Invariably, candidates only start relaxing after about five minutes; only then will they be able to show their true ability in the language. It is in the interest of the candidates that the prescribed timings are strictly adhered to. Please refer to the Teacher's Notes for further details.

The awarding of marks has improved significantly in the last few years and Examiners are mostly spot on. As a result, only minor adjustments were needed. It was clear that the Marking Grid had been studied very closely prior to implementation, and the Examiners are to be commended for this.

The Moderators would like to thank the Examiners for their hard work, especially in countries or areas where access to Afrikaans is not readily available.